Anne Pienaar Gedenk (VGK) Primêr

Posbus 225
Malmesbury
7300

Tel/Faks: 022-482 2051
e-pos adres: admin@annepienaarps.wcape.school.za

Vigsbeleid

1. Impak van MIV/Vigs – Inleidend:

Baie van ons word bang as ons sien wat besig is om te gebeur. Gesinslede, familie, vriende en mense wat saam met jou werk word siek en sterf, dikwels as hulle nog baie jonk is. Mans en hul vrouens en kinders word hierdeur getref. Dit lyk vir hulle misterieus en voel of dit 'n skande is. Ons kan ons nie indink wat hierdie stygende vloed van siekte en dood aan ons gesinne, skole, werkplekke en gemeenskappe gaan doen nie. Terwyl ons land 'n stryd voer om werk te skep en armoede te bowe te kom, is die epidemie besig om die produktiefste lede van ons samelewing te vernietig.

2. Verantwoordelikhede van die volgende persone by bovermelde sentrum ten opsigte van MIV/Vigs:

2.1 Skoolhoof:

- Daarstelling van 'n effektiewe **Anti-Vigs** program by die skool.
- Alle inligting oor die siekte aan die onderwyspersoneel bekend te maak.
- Om tesame met die personeel, die skool die sentrum van inligting oor MIV/Vigs in die gemeenskap te maak.
- Sonder enige diskriminiasie teenoor MIV/Vigs geïnfekteerde leerder of opvoeder op te tree.
- Stigting van 'n ondersteuningsgroep vir geïnfekteerde leerders of opvoeders.

2.2 Onderwyspersoneel:

- Opvoeders moet 'n voorbeeld van verantwoordelike seksuele gedrag stel.
- Die opvoeders moet korrekte inligting oor MIV/Vigs en sy gevolge bekend maak aan leerders.
- Opvoeders moet die siekte binne klasverband bespreek en leerders help om hulself te beskerm teen infeksie.
- Opvoeders moet onderneem om die boodskap oor MIV/Vigs via die ouers aan die breë gemeenskap oor te dra.
- Die skep van omgewing of werkplek waar mense openlik oor hul MIV/Vigs status kan wees sonder die vrees van diskriminasie.
- Opvoeders sal hulle weerhou van seks met skooldogters/seuns.
- Die oordra van doeltreffende en korrekte metodes van voorkoming van infeksie deur die MIV/Vigs virus.

3. Algemene voorsorgmaatreëls - Inhoud van noodhulpkissie:

- Vier paar handskoene
- Materiale om wonde, snye of skaafplekke mee te dek, bv. verbande of gaas, waterdigte pleisters, ontsmettingsmiddel, skêr, watte en kleefband om dekverbande mee vas te plak.
- 'n Mondstuk vir mond-tot-mond-asemhaling.
- 'n Voorraad plastiese inkopiesakke sonder enige gaatjies.

4. Hantering van ongelukke en beserings:

4.1 Kontak met bloed of liggaamsvloeistowwe:

- Niemand mag enige kontak met bloed of liggaamsvloeistowwe van 'n ander persoon hê nie.
- By verpleging van 'n persoon wat as gevolg van 'n besering bloei of 'n neusbloeding het moet rubberhandskoene gebruik word.
- Dieselfde voorsorgmaatreëls moet getref word met die hantering van ander liggaamsvloeistowwe.
- Leerders moet geleer word om nie aan bloed of oop wonde te raak nie, maar die hulp van 'n opvoeder in te roep.

4.2 Stop bloeding so gou moontlik:

- Indien 'n kollega of leerder bloei, moet die eerste reaksie wees om die bloeding te stop deur met die naaste beskikbare lap of handdoek direkte drukking op die bloeding toe te pas.
- Indien iemand 'n neusbloeding het, moet hy/sy gewys word hoe om self drukking op die brug van die neus toe te pas.

4.3 Skoonmaak van wonde:

- Sodra die bloeding gestop is, moet beseerde mense gehelp word om skaafplekke of wonde te was in skoon water met ontsmettingsmiddel.
- Wonde moet dan met 'n waterdigte dekverband of pleisters bedek word.
- Wonde, sere, skaafplekke of stukkende plekke moet te alle tye bedek word.

4.4 Die hantering van toevallige blootstelling aan bloed van 'n ander persoon:

- Vel wat aan bloed blootgestel word moet dadelik skoongemaak word.
- Dit moet met lopende water skoongemaak word.
- Indien bloed op die gesig, veral oë of die slymvlies van die neus en mond, gespat het, moet dit vir drie minute met lopende water gespoel word.

4.5 Skoonmaak van gekontamineerde oppervlaktes of materiale:

- Gekontamineerde oppervlaktes of vloere moet met bleikmiddel en water skoongemaak word.
- Verbande en lappe wat bebloed raak, moet in 'n plastiese sak verseël word en tot as verbrand word.

- Enige gekontamineerde instrumente/toerusting moet gewas, vir ‘n uur in bleikmiddel geweek en droog gemaak word.
- Maak seker dat badkamers en toilette skoon, higiënies en vry van bloedspatsels is.

4.6 Wegdoen van sanitêre doekies en tamponne:

- Die skool moet seker maak dat daar reëlings is vir die wegdoen van sanitêre doekies en tamponne.
- Alle vroulike personeel- en leerders moet hierdie reëlings ken sodat niemand anders kontak met hierdie items het nie.

4.7 Voorkoming van MIV-oordrag tydens sport:

- Noodhulpkissies met rubberhandskoene moet tydens elke sportsessie of wedstryd beskikbaar wees.
- Niemand mag met onbedekte wonde of vleiswonde aan ‘n sport deelneem nie.
- Indien ‘n skaafplek of besering tydens die spel opgedoen word, moet die beseerde speler van die veld af geroep word, noodhulp ontvang en eers wanneer die besering skoon en bedek is, toegelaat word om terug te gaan.
- Bloedbevlekte klere moet verwissel word.
- Leerders met MIV moet aangeraai word om eers ‘n dokter te raadpleeg oor enige moontlike risiko’s vir hul gesondheid en oor MIV-oordrag tydens sportdeelname.

4.8 Unieke situasies waar mense met MIV nie tot die skool toegelaat sal word nie:

- Indien ‘n persoon met MIV onbeheerbaar begin bloei of onbehandelde wonde het, kan dit nodig wees om hom/haar tydelik die skool te belet totdat daardie probleem onder beheer gebring is.
- Indien ‘n persoon fisies of seksueel aggressiewe gedrag toon, sal dit nodig wees om toepaslike stappe te doen in ooreenstemming met mediese advies, die toepassing van gedragskode vir leerders, respek vir die regte van al die betrokkenes, en die wet.

Geteken:

Me. A. Abrahams
Voorsitter: Beheerliggaam

Datum: